

Is daar geen God meer in Suid Afrika?

Teks: 2 Konings 1: 1 - 18
Teksters 2 Konings 1: 3

1. Inleiding

By die aanhoor van vandag se tema voel 'n mens dat dit darem net te erg is. Kwalifiseer die vraag of daar geen God meer in Suid Afrika is, werklik as 'n preek tema vir 'n goeie gereformeerde preek? Is God dan nie alomteenwoordig, of ons Hom wil dien of nie? En die antwoord is ja, Hy is beslis alomteenwoordig. Ons weet in elk geval mos beter as die mense van die Ou Testament wat in hulle gebiedsgebonde afgode geglo het. of hoe?

Tog is die woorde van ons tema vandag 'n direkte aanhaling uit ons teksters, vers 3. En daarby is dit dan ook nie woorde wat Elia self uitgedink het nie. Dit is 'n direkte boodskap van die Engel van die Here. En ons weet dat term "die Engel van die Here" gebruik word om Christus se verskyning in die Ou Testament te beskryf. En daarom is hierdie woorde, hierdie vraag aan Koning Ahasia van die Here self.

Duidelik weet ons, net soos hierdie mense in die tyd van Ahasia dat die Here nie ophou bestaan het nie. Maar dat Hy bloot nie meer erken word in in Israel nie. Daar is ander sake en regeerders wat 'n hoër prioriteit as die Here geniet. Iets wat duidelik in die magstryd in 2 Konings 1 geopenbaar word.

Maar dan ontstaan 'n probleem skielik. Koning Ahasia val uit sy bokamer, 'n vertrek uit die op die tweede verdieping. Sy beserings is so ernstig dat sy lewe in gevaar is. Maar sy geloof en derhalwe teologie is so bankrot dat hy hom tot die afgod bekend as die "god van die vlieë" moet wend.

Maar waar ons vandag staan en 'n vinger wys na Koning Ahasia van Israel, hoe lyk ons geloofsluwe, ons teologie vandag. Is daar in Suid Afrika, hier waar ons woon en

werk in Phalaborwa nog 'n prioriteit vir God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees?

2. God die Vader

Ons begin vandag by die prioriteit vir God die Vader. Die skepper en onderhouer van die heelal. Maar ook die Here wat in 'n Vader kind verhouding met die mens wil staan. Sien wanneer ons terug is by die konteks van Israel in Samaria, is dit nie dat God vir Israel wees agtergelaat het nie. Nee, dit was eerder Israëliete veral onder Agab, Ahasia se Vader wat eerder afgode begin dien het. Wat hulle rug op die Here gedraai het.

Maar die Vader vergeet nooit Sy kinders nie. En daarom word hierdie boodskappers wat vanaf koning Ahasia af oppad is, na die afgod Baäl-Sebub teruggestuur met die waarheid na die koning. Hulle het die voorreg om 'n openbaring van die Here, die God van Abraham, Isak en Jakob te gaan meedeel aan die Koning. Maar hoe reageer die Ahasia op hierdie waarheid?

Hoe reageer ons op die waarheid van die Here? Die profeet Elia is geen vreemdeling vir die familie van Ahasia nie. Ons weet byvoorbeeld net 'n paar hoofstukke terug groet Agab, Ahasia se Vader Elia met die woorde: "Het jy my gekry my vyand". Daarom vra Ahasia ook na die voorkoms van die man in vers 7, en hy erken hom as die profeet Elia. En sien ons sy optrede. Hy gaan hom nie laat voorsê deur hierdie profeet wat voor sy ma weggevlug het nie. Ahasia reken ek is die koning, ek sal Elia vang en eenvoudig dwing om te sê en doen wat ek wil. En dan ervaar 100 met hulle twee offisiere fisies die verterende toorn van die Here aan hulle lyf. Hulle word heeltemal verteer deur die vuur uit die hemel.

Wat gebeur vandag. As daar nou 'n organisasie en amptenare is, waarvoor daar min genade vandag is, dan is dit die kerk. Die kerk word nie maklik selfs eers 'n geringe mistap vergewe nie. Maar nog meer as dit, wanneer die kerk ook onverskrode die waarheid verkondig wil ons dit nie hoor. Hoe durf die kerk die kerk my tereg wys oor optrede in my eie lewe. Ek het die prioriteit en niemand anders nie. Klink hierdie benadering miskien bekend vanoggend. Daarom kan ons vra watter prioriteit, eintlik watter gesag het die Vader en Sy bepalings op my lewe vandag. Lewe ek miskien asof daar geen Hemelse Vader in my lewe is nie?

3. God die Seun

Maar miskien is die hartseerste in hierdie gedeelte die feit dat Ahasia nie een of ander vooruitstrewende jong man is nie. Hy is nie opsoek na een of ander lewens ideologie om uit te leef nie. Nee, hy is 'n sieklike man wat op sterwe lê. Wat hy nodig het is verlossing. Verlossing uit sy aardse beproewing, maar ook natuurlik verlossing sodat hy uiteindelik in vrede kan sterf.

En die hartseer is, dat die Verlosser daar is. Hy is naby, Christus verskyn self letterlik aan Elia, volgens die Ou Testamentiese verwysing na die Engel van die Here. Maar Ahasia leef en tree op asof God die Seun eenvoudig nie bestaan nie. Hy wil Elia met geweld gaan wegvat van die Engel van die Here af. Waarskynlik sodat hy vir Elia kan dwing om eerder 'n verlossende reddende boodskap aan hom te gee.

En dit is die vraag aan ons ook vandag. Wanneer ek regtig in die moeilikheid is, waarheen kyk ek vir redding. Kyk ek op na die God die Seun waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Waar ons Verlosser, ons Here Jesus Christus intree en instaan vir ons. Om kyk ons rond, rondom ons. Miskien na wat die bure doen.

Wat is die moderne modieuse verlosser? Vir Ahasia is dit die "here van die vlieë" in Ekron. Vir my en jou vandag is dit miskien 'n kits rykword plan. 'n Korrupte bevoordeling van myself. Of 'n beter politieke bestel. Die immigrasie na 'n ander beter land. Of wat ook al daardie ding is wat my veroorsaak dat ek reg voor die kruis van die ons Here Jesus Christus verby loop, op soek na verlossing op 'n ander plek. Kan die wees dat in my eie lewe soos in die wêreld, beide 2000 jaar gelede en vandag, daar nie plek vir God die Seun is nie?

4. God die Heilige Gees

Die laaste afwesigheid waarna ons vanoggend kyk, is God die Heilige Gees. En miskien is die moeilikste om te verduidelik in 'n koue wetenskaplike wêreld soos vandag. Tog kan ons nie stry dat daar 'n rede is hoekom mense optree soos hulle optree, of aan die ander kant glad nie optree nie. Sien in die is nie ons wat in selfvoldaanheid die Here gesoek het nie. Wat op eie krag besef en besluit het iets is fout in ons lewens nie.

Nee dit is die werk van die Heilige Gees wat ons nader trek aan die verlossing in ons Here Jesus Christus. Wat ons nader trek aan versoening met ons hemelse Vader, sodat ons werklik ons skeppingsdoel kan verwesenlik hier op aarde. Ook met Ahasia in ons teksgedeelte is dit dieselfde. In sy benarde omstandighede besef hy, dat hy en minste bonatuurlike antwoorde nodig het. Maar hy bedroef die werking van die Heilige Gees omdat Hy nie enigste ware God wil aanroep nie. Hy wil nie gaan waarheen die Gees hom lei nie. Hy verskies die ou sondige weë van sy ouers.

Is ons ook vandag so hardkoppig wanneer die Heilige Gees in ons werk. Wanneer ons nader geterk word na geloof en 'n geloofsgemeenskap, probeer ons nie soms vaskop en weier om nader te beweeg nie. Of beweeg sommer heeltemal op ander pad na iets anders.

Wanneer God die Heilige Gees se teenwoordigheid in my lewe erken en geëer word, sal ek die verlossing in die Seun opsoek, ek sal met alles wat in my is die Vader wil eer en verheerlik, maak nie saak wat dit kos nie.

nie? As daar is, is dit nie miskien tyd om met nuwe ywer Hom op te soek en te aanbid nie?

Amen

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n praktiese kyk na die teenwoordigheid van God in my lewe. Die volgende vraag openbaar iets hiervan in my eie lewe. Wanneer ek iets verkeerd doen, van wie wil ek dit ten alle koste verberg. Is ek bang my geliefdes of familie vind uit. Of miskien die media en sosiale media. Dit alles is sleg horisontale uitkyke. Wanneer ek werklik vasgevang is in sonde, is dit nog die eer van die Here wat my pla. Hou ek nog rekening met die Here se verderende toorn oor die sonde. Of is ek as Nuwe Testamentiese gelowige, besig om misbruik te maak van my redding en verlossing.

Sien op die einde is daar eintlik nie werklik 'n boontoe kyk of kant toe kyk nie. Daar is net 'n boontoe kyk of ondertoe kyk. Kom ons verduidelik dit in term van ons teksgedeelte. Daar is baie navorsing gedoen oor die sogenaamde Bal-Sebul of vertaal as die "here van die vlieë" maar daar was nog nooit noemenswaardige resultate nie. Dit het baie geleerdes oortuig dat dit eintlik 'n verdraaiing van Baal-Sebul, of soos ons dit beter ken uit Matteus 10:25 Beëlsebul. Een van die maniere waarop Christus na die Satan verwys in die Evangelies. Dus is daar uiteindelik net twee manier om te lewe hier op aarde. Eerstens is dit regte manier met die oog en geloof altyd gerig op God drie-enig. Die tweede manier wat uiteraard die verkeerde manier is, is met die oog gerig op Beëlsebul, in watter vorme sy leuens en vals beloftes ook al na ons toe kom.

Daarom sluit ons af met die vraag in ons tema. Die vraag van Elia aan Ahasia, is daar dan geen God in Suid Afrika meer